

Donderdag 16 November

Skrifgedeelte: Lukas 19:12-27

Fokusgedeelte: Lukas 19:12-27; HK Sondag 31

Wees getrou!

In die gelykenis vertel Jesus dat wanneer hulle eienaar as koning terugkom, dan kom die een slaaf na die ander en sê: “Meneer, u het soveel muntstukke aan my toevertrou, hier is dit saam met die wins wat ek gemaak het”, selfs die slaaf wat dit wat hy gekry het, gaan begrawe het, sê: “Hier het u u geld terug.”

Hy het dit dus nie vir hulle gegee met die gedagte dat dit nou hulle s’n is en dat hulle daarmee kan maak wat hulle wil nie. Hy het die reg om te wil weet wat hulle met sy geld gedoen het. Hy wil weet of hulle aan Hom getrou was.

As die Here iets aan ons toevertrou, bly dit syne en ons moet aan Hom verantwoording doen! Die aarde behoort aan die Here, en die lug en die waterstrome en die mens. Alles is deur Hom aan my toevertrou, ook die een met wie ek getroud is, en so ook ons kinders, en ons geld en besittings en tyd. Ons het maar net bruikleen daarvan.

Ons moet dit alles gebruik soos die eintlike Eienaar dit graag wil laat gebruik. Anders is ons ontrou aan Hom. Wie ontrou is en sy gawes onbenut wegsteek, word uitgesluit uit die weelde om deel van sy koninkryk te wees. Die getroues wat dit na vermoë gebruik het om Hom te dien, word vertrou met groter verantwoordelikhede.

Ons het tot met die wederkoms van Jesus heerlike geleenthede om die kosbare skatte wat aan Hom behoort, getrou te gebruik: skatte van mensele-wens, besittings en tyd en kennis. Die manier waarop ons dit gebruik, wys of ons weet dat ons en alles wat ons ontvang het, syne is!

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 4

Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)